



TOULEIER



Bootreis eindig met besoek aan hoogste gebou

Laas keer vertoef ons toe nog langs die Egiptiese kus in die Rooi See en sommer 'n heel paar lesers – o.a. **Julie Jansen van Rensburg** - het reageer op my vraag oor waar die stuk water sy naam kry. Van julle het gaan goegleloer en laat weet dis 'n seisoenale plant genaamd *Trichodesmium erythraeum* by tye so welig en na by die oppervlakte groei dit 'n rooi skynsel in die water veroorsaak.

Daar is ook 'n ander meer gewilde mening wat dit het dat hulle in die antieke tye 'n kleur toegeken het aan die primêre windrigtings. Rooi vir Suid en swart vir Noord. Vandaar die Swart en Rooi see se name. Daar is glo 'n geel en wit see ook. Ek het egter nie 'n koeking kloe waar hulle is nie.

Nou ja, nadat ons toe by Safaga aangekom het was ons eers per bus oorland na 'n vakansieoord in die noorde en het ons daar in so 'n geel duikboot geklim wat 44 mense kon vat, mits jy soos sardientjies kon inpak.

Twee mense by 'n ronde glasvenster. Nie 'n plek vir engtevreeslyers nie. Hier het die visse hulle beurt gekry om te sien hoe lyk 'n klomp toeriste in 'n tenk. 'n Ur lank het ons toe verby strategies gesinkte skeepswrakke getoer.

Nadat ons vir die soveelste keer papegaavisse afgeneem het, het ons teruggekeer na die Queen Mary en gewag vir die ander toere om terug te kom uit die binneland. Daardie klomp het die Vallei van die Konings gaan besoek en het eers amper middernag weer aan boord gestap.

Ek raai mense aan om Egipte liever op die behoorlike manier te verken, met 'n Nylvaart op 'n luukse rivierboot. Baie bekostigbaar, baie beter, baie lekkerder. Bly egter liever maar weg van die lugballonne, lyk my die manne van Egipte sukkel nog met hulle.

Van Egipte tot in Doebai het dinge sonder seerowervoorval of brêkvisseiers verloop en het die boot daar twee dae lank vasgemeer.

Ek en Kamermaatjie woon nou al vier jaar in Doha en het tot dusver nog nooit die behoefte gehad om in Doebai te gaan kuier nie. Ons gebruik toe die geleentheid en reël 'n stadstoer wat onder andere ingesluit het 'n besoek aan die grootste winkelsentrum in die wêreld, waar hulle selfs binnenshuise skihellings het, kompleet met vars sneeu elke dag.

Die toer en ons bootreis is afgesluit met 'n besoek aan die hoogste gebou in die wêreld. Waarskuwing: Daar is nie so 'n ding van voor die gebou afklim en opgaan nie. Die bus het meer as 'n kilometer van die gebou op 'n oop terrein parkeer. Dit neem 'n uur se heen en weer loop en toustaan alvorens jy so driekwart op boontoe kan opvlieg met 'n hysbak wat net 'n raps vinniger beweeg as die hysbakke van ons goudmyne in Suid-Afrika.

Daar kan jy dan vyftien minute lank agter glasmure op een van die waarnemingsplatvorms rondom die gebou loop en vanuit die wolke op Doebai afkyk. Ons het selfs die liggies van die Queen Mary kon uitken. Hulle roem ook op die groenfaktor waar die douneerslag op die gebou se ruite genoeg is om om al die tuine rondom die kompleks nat te lei.

Na hierdie 'hoogtepunt' het ons vir oulaas in ons pikkewynpakke saam met ons tafelmaatjies in die boot se enorme eetsaal gaan eet.

Die laaste oggend is ons na die gebruiklike lugsoentjies, beerdrukkies en beloftes van skryf vir mekaar, per bus vervoer na die lughawe en terug Doha toe.

O gits, en ek wou nog vertel van my inhegtenisname en nag van aanhouding as verdagte dwelmsmokkelaar! Volgende keer, ek belowe!

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur



Nog wenke met Vodka

7. Gooi 'n knertsie Vodka in 'n standaardbottel sjampoe. Die alkohol maak die kopvel skoon en verwyder ander gifstowwe van die hare, stimuleer die haargroei. Skoon Vodka sal ook help vir kopluse.

8. Maak 'n spuitbottel vol Vodka en spuit bye en perdebye om hulle dood te maak.

9. Gooi 'n halfkoppie Vodka en 'n halfkoppie water in 'n Ziploc vriessakkie en vries vir 'n sagte verfrissende yspak vir al die pyne en skete of blou oë.

10. Maak 'n glasbottel vol varsgeplukte laventelblomme, maak vol met Vodka en laat staan in die son vir 3 dae. Gooi deur 'n siffie en gebruik dit as 'n smeermiddel vir seer gewigte en ander pynlike areas.

As nie een van die wenke werk nie, kan jy nog altyd die vodka drink.

Die herkoms van ons gesegdes (5)

Haar: Hare op die tande hê (baie deursettingsvermoë en durf hê)

Die Switsers was die eerste bekende huursoldate, en erg gevrees. Om hierdie beeld verder te bevorder, het hulle woeste snorre gekweek wat hulle lippe grotendeels verberg het sodat dit gelyk het asof daar hare op hulle tande is. Dit het die vyand laat besluit dat iemand wat hare op sy tande het nie vir die duiwel sou stuit nie.

Harnas: Iemand die harnas in jaag (iemand kwaadmaak)

Die harnas is eeue gelede aangetrek as deel van die ridder se wapenrusting in 'n geveg. Om iemand dus sy harnas in te jaag, was om hom so kwaad te maak dat hy wil baklei.

Hef: Hef aan lê nog voor (die groot moeilikheid kom nog)

Die hef aan verwys na die aanhef van byvoorbeeld 'n lied – en spesifiek na die moeilike hoë note in die middel van die ou gesang 2:1 wat voorsingers laat vasbrand het by die woorde: "Hef aan, hef aan, roem sy gena..."

Lesse in vertaal

LES EEN - BEGINNERS

Drie hekse beskou Swatch-horlosies. Watter heks beskou watter horlosie?

Vertaal lyk dit so:

Three witches watches three Swatch watches. Which witch watches which watch?

LES TWEE - GEVORDERD

Drie geslagsomgekeerde hekse beskou drie Swatch-horlosies se skakelaars. Watter geslagsomgekeerde heks beskou watter Swatch-horlosie se skakelaar?

Vertaling:

Three switched witches watch three Swatch watch switches. Which switched witch watches which Swatch watch switch?

LES DRIE - HOOGSTE VLAK

Drie Switserse hekse wat begeer om 'n geslagsverandering te ondergaan, wil drie Switserse Swatch-horlosieskakelaars sien. Watter Switserse heks, wat wens om 'n geslagsverandering te ondergaan, beskou watter Switserse Swatch-horlosieskakelaar?

Vertaling:

Three Swiss witches, which wish to be switched witchbitches, wish to watch three Swiss Swatch watch switches. Which Swiss witch which wishes to be a switched Swiss witch, wishes to watch which Swiss Swatch watch switch?

STORIES UIT DIE ABO



Deur LAPPE LAUBSCHER

Generaal Buller betaal swaar vir sy seun se dood

REDVERS Buller is nou nie juis `n ou wat gedurende die Anglo-Boereoorlog vir homself groot roem verwerf het nie. Hy was die aanvoerder van die Engelse magte op die Natalse front.

In Londen is geglo dat die hele "opstandjie" in Suid-Afrika voor Kersfees 1899 iets van die verlede sou wees. Toe loop Buller en sy manne hulle in Desember 1899 by Colenso hulle teen 'n Boeremag onder generaal Louis Botha vas.

Daar oor die Tugela het Buller en sy manne lelik slae gekry. In die proses het die enigste seun van Lord Roberts, Freddie Roberts, gesneuwel toe hy tevergeefs probeer help het om van die Engelse kanonne na veiligheid terug te bring.

Die voorval kon as net nog 'n stukke oorlogstatistiek afgemaak gewees het as dit nie was dat Lord Roberts later vir Buller verkwalik het vir sy seun se dood nie.

Buller het roemloos na Brittanje teruggekeer en is op die aandrang van Lord Roberts eerloos en met halfsoldy uit die Engelse weermag ontslaan.

Alhoewel hy aangedring het om voor `n krygsraad sy saak te kon stel, is die versoek nie toegestaan nie – ook nie sy versoek om sy saak aan Koning Edward VII te verduidelik nie.

In Suid-Afrika het die Boere minagtend na Redvers Buller verwys as ou Rooivers Buller. Sy eie manne het agter sy rug hom spottend ou Reverse Buller genoem. Die afloop van sy militêre loopbaan het nie reg laat geskied aan die nagedagtenis van een van Brittanje se dapperste soldate nie.

Gedurende die Zoeloe-oorlog van 1879 was Buller ook in Natal. Hier het hy by een van die veldslae vreesloos tussen 'n klomp Zoeloe-krygers ingegaag om 'n makker wat van sy perd geval het te gaan red.

Ondanks proteste het hy die gewonde makker agter op sy perd gelaai en na veiligheid gebring.

Vir hierdie doodsveragterende optrede het hy die Engelse se hoogste eerbewys vir dapperheid te velde, die Victoria Kruis, ontvang.

Byna veertig jaar voordat Redvers Buller sy heldedaad in Natal verrig het, het 'n soortgelyke voorval plaasgevind.

Tydens die Slag van Bloedrivier het Andries Pretorius, die Boere se aanvoerder, in `n stadium opdrag gegee dat die Boere tot die aanval moes oorgaan. Die Boere het op hul perde gespring het die Zoeloes, wat toe reeds 'n verslane mag was, agtervolg.

Met die agternajaerry tussen die vluggende Zoeloes aan het 'n Zoeloe-kryger Pretorius beetgekry, hom van sy perd geruk en met sy spies in die arm gewond. Net toe hy die hulpelose Pretorius wou doodsteek het een van Pretorius se makkers sy gevalle aanvoerder gesien, op die Zoeloe afgestorm, Pretorius op sy perd gelaai en weggejaag.

Die omstandighede en die afloop was byna presies dieselfde as in die Buller-geval. Buller het die Victoria-kruis vir sy optrede ontvang.

Al wat ons van die Pretorius-geval het, is `n skildery van Andries Pretorius met sy arm in 'n slinger. Die man wat sy lewe gered het, bly naamloos in die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

PENKOPPE van so jonk as 10 jaar wat haweloos met hul moeders en susters in die veld rondgeswerf het nadat hul plase verwoes is, het hulle by die kommando's aangesluit liewer as om in krygsgevangenekampe te beland. In die guerrillafase het pres. M.T. Steyn in Desember 1901 'n proklamasie uitgevaardig waarvolgens sterk en gesonde seuns van 14 jaar en ouer opgekommandeer kon word om meer burgers op kommando te kry.

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

PAPEGAAI

Sannie stap elke dag verby die winkeltjie waar 'n papegaai wat goed praat buite op die stoep sit.

Elke oggend en aand as hy Sannie sien, sê hy: "Jy is lelik!"

Sy gaan toe na die winkeleienaar en kla dat dit haar hele dag ontstel, en vra dat hy met die voël praat.

Die eienaar belowe toe om die voël iets anders te leer.

Die volgende dag staan die papegaai lank na Sannie, en sê toe:

"Jy weet mos!"



SKOOLRAPPORT

Jannie kom van die skool af by die huis.

Pa: "Kan ek jou skoolrapport sien?"

Jannie: "My vriend Piet het dit geleen. Hy wil eers sy ouers die skok van hul lewe gee."

REGTE KAMELE

Die dominee besoek Israel en kom op 'n skare af.

"Wat gaan hier aan?" vra hy.

"Nee", sê een ou, "hier kom nou-nou 'n trop kamele met kaal meisies op verby."

"O", sê die dominee, "dan wag ek maar. Ek het nog nooit 'n regte kameel gesien nie."

SLIM REKRUIT

Die polisierekrut word in sy eksamen gevra:

"Wat sal jy doen as jy jou eie ma moet arresteer?"

Antwoord: "Ek sal versterkings inroep."

STRATEGIE/TAKTIEK

Wat is die verskil tussen strategie en taktiek?

Strategie is om 'n goeie bottel rooi wyn te koop as jy 'n mooi dame vir aandete uitneem.

Taktiek is om haar sover te kry om dit te drink.

SKREEULELIK

•Ek was so 'n lelike baba, my ma wou my nie borsvoed nie. Sy het gesê sy hou van my net as 'n vriend.

•Toe ek gebore is, het die dokter by die wagkamer ingekom en vir my pa gesê:

"Ek is jammer. Ons het alles gedoen wat ons kon, maar hy gaan dit maak."

•Ek is so lelik, my ma het eers ná my geboorte oggendsiekte gekry.

•Hulle wou my een jaar gebruik as 'n plakkaat vir geboortebeperving.

•Ek het een keer weggeraak, toe vra ek 'n polisieman om my te help om na my ouers te soek. "Dink jy ons sal hulle ooit kry?" het ek hom gevra. "Ek weet nie," het hy gesê. "Daar is só baie plekke oor waar hulle kan wegkruip."

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker



KAT.COM



Die slim Japsnesie

In Amerika is dit tyd vir die geskiedenisles. "Goed," sê die onderwyseres. "Kom ons begin met 'n paar geskiedkundige aanhalings. Wie het gesê: *'Give me liberty, or give me death?'*"

Die gesigte voor haar stuur net terug, behalwe klein Akio, 'n briljante Japanse studentjie. Hy steek sy hand op: "Patrick Henry, 1775."

"Baie goed! Wie het gesê: *'Government of the People, by the People, for the People, shall not perish from the Earth?'*"

Weer is dit net klein Akio se hand wat opskiet. "Abraham Lincoln, 1863."

"Uitstekend! Kom ons probeer 'n moeiliker een. Wie het gesê *'Ask not what your country can do for you, but what you can do for your country?'*"

Klein Akio, dadelik: "John F. Kennedy, 1961."

"Klas, julle moet julle skaam. Hier is klein Akio uit 'n vreemde land, en hy weet meer van julle geskiedenis as juiself."

Toe hoor sy iemand in die klas fluister: "*F-ck the Japs!*"

"Wie het dit gesê?" skree die onderwyseres boos en ontsteld. "Ek wil dadelik weet!"

Klein Akio: "Generaal McArthur aan die Japanse premier, 1945."

In daardie stadium sê een van die studente in die agterste ry: "*I'm gonna puke!*"

Die onderwyseres gluur hom aan. "Goed, Slim Kind. Wie het dit gesê?"

Klein Akio reageer blitsvinnig: "George Bush aan die Japanse premier, 1991."

Dit was net te veel vir een van die studente, en hy skree: "*Oh yeah? Now suck this!*"


Klein Akio spring regop in sy stoel, waai sy arms en sê: "Bill Clinton aan Monica Lewinsky, 1997!"

Nou is die studente verenig in hul woede, en een skree: "*You little shits! Say one more thing, and I'll kill you!*"

Klein Akio: "Michael Jackson aan die seuntjies wat teen hom getuig het, 2004."

Dis toe dat die onderwyseres flou op die grond val, en iemand sê: "*Oh shit! Now we're screwed!*"

Klein Akio het kalm geantwoord: "Die Suid-Afrikaners toe Zuma verkies is tot president, Mei 2009."



Nie almal weet dit nie, maar daar is 'n klomp goed wat ook in Afrikaans manlik of vroulik is.

VRIESSAKKIES

Manlik. Hulle hou alles binne, maar jy kan dwarsdeur hulle sien.

FOTOKOPIEERDERS

Vroulik. As hulle eers afgekskakel is, duur dit 'n ruk om hulle weer op te warm.

WARMLUGBALONNE

Manlik. Om hulle sover te kry om êrens heen te gaan, moet jy 'n vuur onder hulle maak.

SPONSE

Vroulik: Sag, drukbaar en kan baie vog behou.

WEBBLAAIE

Ook vroulik. Daar word gedurig na hulle gekyk.

TREINE

Beslis **manlik.** Hulle gebruik altyd dieselfde ou lyne om mense op te tel.

SANDLOPERTJIES

Sandloperjies wat gebruik word wanneer jy eiers kook is **vroulik**, want met die verloop van tyd verskuif die gewig na onder.

HAMERS


Kan net **manlik** wees. Oor die laaste 5,000 jaar het hulle weinig verander en is dit steeds nuttig om hulle van tyd tot tyd binne bereik te hê.

AFSTANDBEHEER

Vroulik. Jy het seker gedink hulle is manlik? Verkeerd! Hulle gee 'n plesier aan mans, hy sal verlore wees sonder hulle. En al weet hy nie watter knoppies hy moet druk nie, hou hy net aan probeer.

Vreemde feite

- In 'n studie by die Universiteit van Chicago is in 1907 bevind dat geel die kleur is wat die maklikste raakgesien word. Dis hoekom John Hertz, stigter van die Yellow Cab Company, gesorg het dat sy taxis geel is.
- Die Griekse volkslied het 158 versies.
- Daar is sowat 6800 tale in die wêreld.
- Die simbole + (vir optel) en - (vir aftrek) het eers in 1489 in algemene gebruik gekom.
- Jy kan jousef nie kielie nie omdat die cerebellum-gedeelte van die brein die res van die brein waarsku dat jy jousef gaan kielie. Omdat die brein dit weet, ignoreer hy die sensasie.
- Die longe se oppervlakte is omtrent net so groot soos 'n tennisbaan.
- Die wêreld se kortste oorlog - tussen Brittanje en Zanzibar in 1896 - het net 38 minute geduur.
- Die tipiese loodpotlood kan 'n streep trek wat 60 km lank is - omtrent van Johannesburg na Pretoria.
- Toe Alexander Graham Bell die telefoon in 1876 uitgevind het, is daar in die eerste maand net ses verkoop.



'As dit Liewe Jesus se wil is ... !

Een middag na werk het ons 'n katjie in 'n jong populierboom op ons erf gewaar. Die kat het klaarblyklik nie geweet hoe om af te kom nie en my pogings om die dier te bereik om hom uit te haal, het misluk.

Selfs toe ek die kombustrappie gaan haal, kon ek nie bykom nie. Ek het die stam probeer afbuig, maar dit was te stram.

My vrou trek toe ons motor nader en ek maak 'n tou aan die trekstang en boom vas om die boom met verdrag grond toe te buig.

Alles werk volgens plan, maar net toe ek die katjie wou vang, glip die tou los en doer trek die katjie, bo-oor die buurman se heining.

Die volgende dag doen ons inkopies en loop ons ons buurman in die supermark raak. Hy het katkos, 'n sandbak met sand en katspeelgoed in sy trollie.

Ek weet hy is van nature nie 'n katliefhebber nie en toe ek die goed vraend aankyk, begin hy sommer dadelik verontwaardig verduidelik. "Jy weet hoe ek oor katte voel," sê hy.

Sy een dogter, seker so nege jaar oud, karring al die hele week aan hulle om vir haar 'n katjie te koop, wat botweg geweier is.

Gistermiddag, kla hy verder, het hy en sy vrou na werk so deur die tuin gestap en 'n paar bossies uitgetrek.

Hul dogter was saam en het weer haar versoek vir 'n katjie gerig.

Sê haar moeder "My kind, as Liewe Jesus vir jou 'n katjie stuur, kan jy hom met liefde hou."

"Waaragtig," lamenteer my buurman, "die volgende oomblik land hier uit die lug 'n verdekselse kat tussen die blomme!"

• **Met erkenning aan *Blokkies*, Nieu-Seelandse Afrikaanse nuusbrieff. Outeur onbekend.**



Die kuiergas

'n Ouerige hond wat moeg gelyk het, het by my erf ingestap.

Ek het hom oor die kop gevryf. Hy het my die huis in gevolg en in 'n hoek gaan lê en slaap. Ek kon sien dat hy uit 'n goeie huis kom.

'n Uur later het hy voordeur toe gestap, en ek het hom uitgelaat.

Die volgende dag en die volgende paar weke daarna het hierdie patroon hom daagliks herhaal.

Ek was nuuskierig, en het 'n nota aan sy halsband gespeld:

"Ek wil graag weet wie die eienaar van hierdie vriendelike hond is wat elke dag 'n middagslapie in my huis kom geniet."

Die volgende dag was daar 'n nuwe nota aan sy halsband:

"Hy leef in 'n huis met 'n vrou wat onophoudelik praat, met ses kinders waarvan twee jonger as drie jaar is. Hy probeer by jou 'n bietjie slaap inhaal.

"Kan ek môre saam met hom kom?"

STAP!

- Ek hou van lang staptogte, veral as dit onderneem word deur mense wat my irriteer.
- Al rede hoekom ek sal begin stap, is om weer na my eie hygende asemhaling te luister.
- As ek wil stap, moet dit vroeg in die oggend wees voor my brein besef wat ek doen.
- Stap kan jou lewe baie verleng. Op die rype ouderdom van 85 kan jy dan 'n volle vyf ekstra maande in die siekeboeg teen R7 000 per maand deurbring.

Só maak mens!

Deur RETHA KRUGER

Oorspronklike Esmé en Jan-resepte

TOEBROODJIESMEER

2 wortels
2 appels
2 uie
1 groot komkommer
1 soet rissie
4 k asyn
2 t sout
1 k bruin suiker
1 t mosterd poeier
3 e meelblom
2 t borrie
1 t fyn gemmer
½ k water

Was en skil groente en vrugte en verwyder pitte. Rasper alles fyn en plaas in kastrol met water en asyn. Laat kook vir 15 minute. Meng intussen res van ander bestanddele tot 'n pasta en roer dan in by die groente in kastrol. Roer totdat dit verdik. Bottel warm.

STAMBOOM

Help ons familiespeurders

BEKKER Bekkerinc@gmail.com

BURNES marietta2510@telkomsa.net

Johanna Catharina Burness gebore in Murraysburg 4 Oktober 1896. Daar maak hul haar geboortejaar in die 1870's. Ek het al die vorige inligting tot by haar "ouers" maar dit kan nie haar ouers wees nie. Dink daar kort een generasie. Sy was een van baie kinders wat almal aan bloedsiektes gesterf het (sê my bron). Net 4 of 5 het oorleef.

- o Charles Alexander Burness b. c 1865
- o Anna Magdalena Burness b. c 1867
- o Jacobus Marthinus Burness b. c 1869
- o Johanna Catharina Burness b. c 1871
- o Alexander Edward Burness b. c 1873, d. c 1922

HOUGH vorsterhough@yahoo.com

Is van die Houghs van Sutherland. My oupa was Johannes Hendrik. Vader was Giliam Jan Gabriel. Oupagrootjie was Giliam Jan Gabriel.

HUDSON anita30@mobileemail.vodafonesa.co.za

Ek's op soek na al ons familie. Almal was van Heilbron in die Vrystaat, besig met 'n stamboek. Kontak my asseblief.

KOEN ngkerkpmb@lantic.net

Mathys Koen gebore in +- 1910 daar om en by.

RAATZ raatzmoira@gmail.com

Op soek na my pa se familie, Hennie Hendrik James Daniel Raatz. Gebore 1911 in Touwsrivier. Oupa John/Jan (ouma) Katriena. Twee susters Babie en Allie. Matjiesfontein word ook genoem. My pa Hendrick James Daniel Raatz is in 1911 gebore en gedoop in die Lutheraanse Evangeliese Kerk. Twee susters, wie se byname Babie en Allie was. Die Raatz-familie was lede van die Lutheraanse Evangeliese Kerk, Laingsburg. Ek is op soek na enige oorlewendes wat my inligting kan gee.

RUST heleen@iway.na

Ek wil graag ons familiestamboom opbou. My man se ouers is Hugo Amos Rust - Anna Maria Rust née Nothnagel. Sal enige hulp vreeslik baie waardeer!

STOKES lelanievheerden@gmail.com

Oor ons herkoms, spesifiek van Andrew Lourens, Daniel Edward & Elsie Susanna

WESSELS ngkerkpmb@lantic.net

Jurie Jacobus Wessels 25/06/1933 - 03/08/2003

AGTEROS

Net voor uitspantyd



"Polisiemanne drink nie somer Oros nie. Dit laat die knope van hul uniforms roes. Coke werk net saam met Klippies."

Deur MARNUS STEYN

Dit was om en by November 1957. Vir die Steyns van Madelinestraat, Florida, was dit die begin van 'n 37-jarige verbintenis met 'n grys en rooi meisie.

Dit was vir my ma, broer en ek 'n groot verrassing toe my pa by die huis opdaag met die meisie. In 'n voëlkou, so byna een meter hoog, sit sy op die stok in grys uitgedos met 'n rooi stert. 'n Opregte African Grey papegaai. 'n Gebore en geëde Nigeriër.

Die wilde voël is aan't geluide maak wat al wat kat in die buurt is die skrik op die lyf jaag.

Dis 'n geskenk van my pa aan my ma. Sy wou al die jare 'n African Grey besit het en daar begin die storie . . .

Dieselfde aand gaan ons flik in Johannesburg. Dit was altyd 'n grênd affêre. Dis gebad, hare gekam, spoggerig aangetrek en in die motor stad toe.

Die flik was Jules Verne se *Around the World in 80 Days*. Een van die karakters se naam was Passepartout (uitgespreek Pas-par-toe). Dit word die naam van ons papegaai. Op daardie stadium het ons nie geweet dat sy 'n wyfie is nie en het sy 'n mansnaam gekry.

My ma het baie aandag aan Passepartout bestee en het haar woordeskat flink gegroei, asook geluide wat sy self aangeleer het.

My pa was nie 'n baie gesonde mens nie. Ons het 'n baie groot vrugteboord vir 'n dorpshuis gehad, en die snoei van die bome was 'n groot taak. Maar ons jollie familie van Pretoria sou die probleem menigmaal oplos. 'n Afspraak was altyd vir 'n Sondag met die bome gemaak.

Twee huisgesinne, die ooms hoofsaaklik 'dieners', met nog 'n vriend of twee, almal met snoeiskêre, sae, lere en dies meer bewapen, sou spoedig die bome opfiëks. Maar die ouens kon vinnig dorstig raak, en polisiemanne drink nie somer Oros nie. Dit laat die knope van hulle uniforms die volgende dag roes. Coke werk net saam met Klippies. Wat my pa nie in sy drankkabinet gehad het nie, was ruim deur die snoeiers self voorsien. Die eetkamertafel het gelyk soos Manhattan, maar met bottels gebou.

Toentertyd het Afrikaners nie daarvan gepraat as jou ouers 'n dop steek nie. nog minder in die N.G. Kerk van Florida. Maar daardie Sondag in Julie was daar 'n hengse paartie by ons huis.

Destyds was ons predikant dr. Dotjie Lombard. Sulke hoge preke gelewer dat net 'n paar mense in die kerk geweet het wat hy gesê het.

Huisbesoek was nie sy sterk punt nie, nes vandag se dominees. Die kans dat hy 'n besoek sou bring was nul. Maar soos dit gebeur, kom daar 'n tyd wat die predikant na 'n ander gemeente verkas. Hy word deur ds. Kriel opgevolg wat dié Sondag nog nie lank in die gemeente gevestig was nie. Hy het huisbesoek gedoen.

So teen elfuur was die kerk uit. Nie lank na elf nie, stop daar 'n kar voor die huis. Die persoon het 'n swart pak klere aan.

"Kruip weg, hier kom die predikant!" skreeu iemand. Dit was nie tien sekondes nie en al wat bottel is, het net verdwyn! Vals alarm, bottels terug!

Ma leer toe vir Passepartout om te sê "Kruip weg, hier kom die predikant!"

Ds. Kriel het ons verskeie kere besoek. Pa is intussen oorlede.

Met 'n volgende besoek sit ons in die sitkamer. Hy is kort mannetjie, bietjie bles, met 'n bril. 'n Persoon wat baie ernstig is, min glimlag en nie baie gewild is onder die gemeentelede nie. Hy is nooit baie vriendelik met sy besoeke aan ons nie. Hy lees uit die Bybel vir ma en vir my. Daarna begin hy om te bid, en net daar trek Passepartout los: "Kruip weg, hier kom die predikant!"

Ek probeer hard om nie te lag nie, maar dit werk nie. Die lag breek deur al die slotte in my mond. Hoe meer ek probeer om te stop, hoe erger gaan dit. "Amen", sny die dominee sy gebed net daar keelaf.

Ma probeer om die situasie te normaliseer. Maar dominee is baie skepties en ontstig.

"Dit is nie eerste keer dat iemand in die huis dit sê nie. Dit is nou die tweede keer en dit is baie ongepoets!" Hy noem dat met sy eerste besoek het hy aan die voordeur geklop. niemand wou die deur oopmaak nie en iemand het binne-in die huis gesê: "Kruip weg, hier kom die predikant!"

Ma neem die dominee na die kombuis en stel hom voor aan Passepartout. Die dominee kry so 'n halwe glimlag op sy gesig. Net daar los die papegaai die tweede bom met 'n vraag en die antwoord:

"Doortjie, wie poep so?"

"Nee, Oumies, die kos kook so!"

Dis nou wat 'n mens *taiming* noem! Ek wonder vandag nog vir wie die dominee gebid het die aand voor hy gaan slaap het.

Die volgende KAMMANUUS is op 22 APRIL.